SIENER VAN RENSBURG

BOODSKAPPER VAN HOOP

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD

HOOFSTUK 1 BLANKE BEWUSWORDING 5

HOOFSTUK 2 PROBLEME MET INDIëRS 11

HOOFSTUK 3 DIE BLOEDPAD NA VRYHEID 13

HOOFSTUK 4 DIE EINDE VAN KOMMUNISME 17

HOOFSTUK 5 DIE NUWE LEIER 23

HOOFSTUK 6 DUITSE HULP 25

HOOFSTUK 7 DIE NAG VAN DIE LANGMESSE 27

HOOFSTUK 8 GEROOFDE BOERE-EIENDOM KOM TERUG 29

HOOFSTUK 9 POLITIEKE HERVORMING 31

HOOFSTUK 10 KERKHERVORMING 33

HOOFSTUK 11 DIE REPUBLIEK WORD GROTER 36

HOOFSTUK 12 DIE ENIGSTE CHRISTELIKE LAND 38

SLOTWOORD

VOORWOORD

Nicolaas Pieter Janse van Rensburg, beter bekend as Siener van Rensburg, is in Augustus 1864 op die plaas Rietkuil (Wolmaransstad) gebore en in Maart 1926 in die betreklike vroeë ouderdom van 61 jaar oorlede. Hy was een van die merkwaardigste figure in ons volksgeskiedenis.

Daar word tans baie oor hom geskryf, gepraat en geredeneer. Terwyl die meeste volksgenote glo dat hy ‘n Boereprofeet was, is daar ook ander wat skepties teenoor hom staan. Vrae wat gewoonlik oor hom gevra word, is: Met watter mag het hy in die toekoms gesien? Kan ‘n mens werklik alles glo wat hy gesien het? Is dit nie ‘n sonde om aan openbaringe buite die Bybel waarde te heg nie? Sal dit nie die aandag van God aftrek nie?

Daar is twee maniere waarop kennis van die toekoms bekom kan word. Eerstens deur ‘n buitengewone gawe van God en tweedens deur die mag van Satan. Alhoewel laasgenoemde nie alwetend is nie, beskik hy oor ‘n beperkte kennis van die toekoms wat hy deur middel van okkultiese praktyke soos sterrewiggelary en handpalmlesings aan mense bekend maak. Alle fortuinvertellers is nie bedrieërs nie!

In 1 Sam.28 lees ons hoedat Saul op die vooraand van ‘n geveg teen die Filistyne die aangesig van God gaan soek het met die hoop dat Hy hom van ‘n oorwinning sou verseker. As gevolg van sy afvalligheid het God hom nie geantwoord nie, waarna hy hom tot ‘n waarsegster gewend het. Saul het dus geweet van die twee maniere waarop kennis van die toekoms verkry kon word.

Siener het hom nooit met bose magte bemoei nie. Hy was eng godsdienstig en het niks anders as die Bybel gelees nie. ‘n Verdere bewys dat sy profetiese gesigte van die Hoërhand af gekom het, is die feit dat alles wat hy gesien het, bewaarheid is; selfs tot in die fynste besonderheid soos byvoorbeeld die dood van generaal Koos de la Rey. Ek het geen twyfel in my hart dat God vir Siener van Rensburg as Boereprofeet gebruik het om ons en ons voorsate te bemoedig nie.

Alhoewel dit nie sondermeer sonde is nie, bly dit gevaarlik om aan openbaringe naas die Bybel waarde te heg. ‘n Mens weet nooit of dit vals og eg is nie. Dit verhoed God egter nie om sekere mense met besondere gawes te begenadig nie. Siener was ongetwyfeld een van hulle. Hierdie gesigte mag egter nooit met dieselfde gesag as die Bybel bejeën word nie.

‘n Vraag wat baie gevra word, is waarom Siener se gesigte eers na 80 jaar soveel aandag geniet? Die antwoord is baie eenvoudig: Mense sou dit vroeër nie verstaan het nie. God het dit so beskik dat hierdie gesigte nou eers van waarde is. ‘n Paar jaar gelede sou min mense hul die ellendes wat ons volk tans beleef, kon indink. Siener het in 1917 selfs ‘n gesig gehad dat volklsgenote sy gesigte eers baie jare later sou verstaan en waardeer.
Ons kan hierdie gesigte as God se besondere bemoeienis met die Boerevolk sien. Hy wil ons bemoedig en opnuut laat glo dat Hy nooit die werke van Sy hande aan die suidpunt van Afrika laat vaar nie. Mag dit ons volksgenote wat in die moeras van ellende wil versink, bemoedig en tot nuwe ywer vir ons vrywording aanspoor.

Met hierdie boek wil ek aan die hand van my jarelange studie van die Bybel, die politiek asook die geskiedenis kommentaar op Siener se twaalf vernaamste toekomsgesigte lewer. Ek haal nie sy gesigte woordeliks aan nie, maar vat in eenvoudige taal die kern daarvan in ‘n neutedop saam.

Ek het probeer om so chronologies as moontlik te werk te gaan, maar slaag nie altyd daarin nie. Van Siener se gesigte volg so kort op mekaar dat ‘n duidelike chronolo-giese lyn nie gehandhaaf kan word nie. Mag dit wat ek u in my swakheid bied, help om u vir die finale stryd om die vrywording van ons volk voor te berei en tot daad-werklike optrede aan te spoor. .

Andrè van den Berg

Julie 1997

HOOFSTUK 1

BLANKE BEWUSWORDING

'n Oplewing van blanke bewuswording begin in Europa en verkry daarna wêreldwye momentum.

Aan die wortel van Siener se bemoedigende toekomsgesigte lê dié van 'n blanke bewuswording. Hy sien dat dit in Europa begin waarna dit na ander wêrelddele uitkring. So 'n bewuswording is onontbeerlik vir die beskerming en handhawing van Westerse beskawingstandaarde. Alhoewel dit al vir etlike jare lank deur die openbare meningsvorming en misplaaste skuldgevoelens onderdruk word, gaan dit uiteindelik verwerklik en ingrypende veranderings meebring.

Daar is min faktore wat 'n volk soveel krag soos 'n suiwere bloedlyn gee. 'n Volk kan baie dinge verloor en herwin; alles behalwe sy genetiese suiwerheid. Dis onherstel-baar. Die volksvyand weet dat die Boerevolk se innerlike krag in sy rassuiwerheid lê. Daarom probeer hulle al vir baie jare om ons bloedlyn te besoedel ten einde ons te breek. Derhalwe is 'n blanke bewussyn onontbeerlik. Dis ons volk se betuiging van ons hartstog vir die lewe asook ons strewe om as volk aan die suidpunt van Afrika voort te bestaan. Daarsonder sal ons as volk van die wêreldtoneel verdwyn.

Ontspoorde volksgenote het Suid-Afrika op die spoor van Amerika se mislukte rasse-vermengingsbeleid met ernstige rassebotsings opgesaal. Dit het uiteraard bitterheid en rassepolarisasie veroorsaak. Hierdie botsings is eintlik niks anders as beskawings-botsings nie. Minderwaardiges het geen erg aan 'n meerdere beskawing nie en sal dit derhalwe altyd met minagting verwerp.

Liberale politici en hul kerklike skoothondjies se resep vir vreedsame naasbestaan het aan die suidpunt van Afrika klaaglik misluk. Nie alles wat as *nuut* aangeprys word, is goed nie. Let maar op die Nuwe Nasionale Party (NNP) wat sy verdiende Judasloon ontvang en tot niet gegaan het! Rassevermenging bring geen rasse-harmonie nie, maar vuur eerder daardie sort spanning aan wat rassepolarisasie tot ongekende hoogtes laat styg. Verwarde denke los nie probleme op nie!

Alhoewel liberaliste soos die graf swyg, dwing hul flaters hul tot besinning. Rasse-integrasie het nog nêrens ter wêreld geslaag nie en sal ook nie. Die erkenning en staatkundige toepassing van veelvolkigheid is die enigste werkbare oplossing vir ‘n vasteland waar beskawingstandaarde en algemene lewenswaardes ingrypend van mekaar verskil.

Die Boerevolk kan hoogstens in ‘n bestel van afsonderlike ontwikkeling **naas** ander volke bestaan, maar nooit **saam**bestaan nie. Eersgenoemde waarborg onteenseglik blywende vrede en rasseharmonie omdat dit wrywingsvlakke tussen verskillende rasse effektief uitskakel. Grense bring vrede. Dis ‘n goue reël!

Baie van die wêreld se probleme is aan die geloof in mites te wyte. Wanneer ‘n mite as ‘n feit aanvaar word, is probleme onafwendbaar. Een van die grootste mites van ons tyd is dat alle mense deur God gelyk geskape is. Nee, mense is so ongelyk as kan kom. Die wêreld lewer voldoende bewys hiervan. Wie uiteenlopende rasse as gelykes hanteer, betaal ‘n duur prys vir hul dwaasheid! Om ongelykes in ‘n verant-woordelike bestel in te trek en verantwoordelikhede te gee waarvoor hulle nie opgewasse is nie, veroorsaak die soort chaos en ellende wat tans in Suid-Afrika aan die orde van die dag is.

Siener sien dat Europa die spit afbyt wanneer uitgehongerdes uit Afrika op hom toesak en sy rykdom verorber. Die lui dienskneg met die een talent gaan op die yweriges se vele talente aanspraak maak en hul paradys nie net in die naam van medemenslikheid bestorm nie, maar ook behoorlik plunder!

Siener voorspel dat die blanke bewuswording deur ‘n ingrypende ommekeer in die wêreldopinie voorafgegaan word. Waar blankes eers die aftog teen liberale jagmakers moes blaas, sal die bordjies verhang word. Liberaliste se misplaaste tere besorgheid oor Afrika se inheemse kinders gaan vir ‘n herbewondering vir blanke beskawingstandaarde plek maak. J J Rosseau se sieklike *edel barbaar* filosofie gaan ‘n langverwagte dood sterf.

Die ideaal van ‘n blanke bewuswording is niks nuuts nie. Duitse denkers soos Fichte, Hegel en Nietsche was vurige voorstanders hiervan, nie eens van Adolf Hitler te praat nie! Namate miljoene indringer-immigrante hulle in Europa vestig, kom daar al hoe meer rassebotsings voor. Duitsland ondervind probleme met Turke, Frankryk en Italië met Noord-Afrikane en Nederland met Molukkers. In Brittanje word onwelkome immigrante gereeld deur *skinheads* aangeval in ‘n poging om hulle met geweld uit die land te verdryf.

Duitsland ervaar egter die heftigste teenstand teen indringer-immigrante. In *Monitor* van Junie 1991 (Namibië) verskyn ‘n berig van twee swart Namibiërs wat in Oos-Berlyn van ‘n woonstelbalkon op die vyfde verdieping afgegooi is. Die berig meld dat dit ‘n wraakaanval deur ontstoke Neo-Nazis teen buitelanders was wat Duitsers van hul werk wil ontneem.

Duitsers se verset teen indringer-immigrante het selfs onder die aandag van die Verenigde Nasies (VN) gekom. *The Namibian* van 24 Januarie 1994 berig as volg: *“Germany is being summoned for the first time before the UN Human Rights Commission, with the chief complaint centering on attacks on foreigners by right-wing extremists. It is highly unusual for a major industrial democracy llike Germany to be asked to appear before the commission. But member countries have expressed concern Germany is not doing enough to stop violence by Neo-Nazis.”*

Baie Europeërs is verbitterd omdat hul regerings aan indringers toelaes, werk en verblyf verskaf terwyl hulle eie noodlydendes dikwels oor die hoof gesien word. Talle regerings verstik as’t ware in hul eie ordentlikheid om mense wat geen bydrae tot die land se voorspoed gemaak het en waarskynlik ook nooit sal maak nie, gedienstig te wees.

Hierdie indringers maak gedurig op welsynshulp en ander gratis hulpverlening van hul gasheerland aanspraak. Behoudende politici se kapsie teen hierdie grypsug is aan- vanklik deur die liberale media as liefdeloos en rassehaat afgemaak. Deesdae geniet dit egter positiewe aandag. Die media verswyg of verkleineer dit nie soos voorheen nie. In Frankryk spreek Le Pen se party hom gereeld teen hierdie onreg uit en ontvang sterk steun daarvoor.

In lande met ‘n beduidende werkloosheidsyfer loop gemoedere teen swart bevoordeling altyd hoog. ‘n Regering wat indringers met belastinggeld bevoordeel, benadeel sy eie toekoms en moet uit die kussings gelig word. Indringers kan mos nie toegelaat word om sondermeer uit die staatskas te leef nie!

Indringer-immigrante is hoofsaaklik ongeskoolde derdewêreldbewoners wat dikwels werksonbevoeg is. Hulle enigste wapens is hul swakheid en ellende, asook die verstommende vermoë om buitelandse medelye te verkry. Met hulle *vat-wat-jy-kan-waar-jy-kan-en-soos-jy-kan* mentaliteit verwag hulle altyd iets vir niks!

Rassespanning is oral in die wêreld aan die oplaai. In Suid-Afrika word ‘n lae-intensiteitsoorlog spesifiek teen die Boerevolk gevoer. Geen wonder dat volksgenote gedurig ‘n angstigheid ervaar nie; daardie tipe angs wat in die verlede tussen rasse met botsende lewenswaardes voorgekom het. Dit kan ook nie anders nie. Blankes en swartes meet met verskillende maatstawwe en verteenwoordig twee onversoen-bare waardestelsels.

Liberale regerings se sieklike beheptheid met anderskleuriges gaan gelukkig tot ‘n einde kom asook die masochistiese wyse waarop hulle daarop uit is om wraak op hulself te neem. In die plek hiervan kom ‘n herwaardering van blanke lewensstan-daarde wat tot heil van die mensdom soos ‘n veldbrand gaan verspei.

Indien blankes vandag ‘n keuse tussen die sogenaamde onreg van apartheid en die onreg van die integrasiebedeling gestel sou word, sal die uitslag die internasionale gemeenskap wreed ontnugter. Die voorspoed wat Suid-Afrika in die apartheidsera beleef het, was ten spyte van tekortkominge minstens ‘n stelsel waarin volke in vrede naas mekaar kon leef. Dit het rassekonflik tot die minimum beperk.

Wie apartheid as ‘n onreg veroordeel, is kortsigtig! ‘n Beleid van naasbestaan in plaas van saambestaan is nie op die beginsel van rassemeerderwaardigheid gegrond nie en het niks met neo-Nazïïsme te doen nie. Dis eerder gegrond op ‘n volk se reg om homself te wees.

Siener sien dat verraderlike politici wat die krag en wil om verkeerde dinge te keer verloor het, uit die kussings gelig word. Mense wat van Suid-Afrika ‘n piesang-republiek wou maak, gaan van die toneel verdwyn om die Boerevolk nooit weer in sy geskiedenis lasting te val nie.

Die eentonige musiek van ‘n liberaal georkestreerde broederliefde sal goddank uitgedoof en met die welkome marsmusiek van ‘n blanke heerskappy vervang word. Hierdie lewensnoodsaaklike ommeswaai sal nie net blankes van ondergang red nie, maar ook anderskleuriges. Litte sal geroer moet word ten einde te kan oorleef!

Suid-Afrika word sedert 1994 so enstig deur korrupsie, misdaad en wanpraktyke geteister, dat ‘n mens vrees dat daar aan die einde van die dag nie veel van die land gaan oorbly nie. Die vernietigende stroom waarteen die Boerevolk moet swem, het bitter sterk geword. Daarbenewens maak die dodelike kombinasie van politieke onstabiliteit en ekonomiese verval van oorlewing ‘n nagmerrie.

Hoe lank hierdie wantoestand nog onder die ANC gaan duur, weet niemand nie. As Siener reg vertolk word, kan dit nie meer lank wees nie. Daar kom ‘n einde aan hierdie chaos. Ons moenie moed verloor nie! Die geluk by die ongeluk is dat stryd ons mense saamsnoer. Dit wat partypolitiek nie kon vermag nie, gaan stryd op die ou einde regkry!

Die huidige politieke bedeling bied Suid-Afrikaners niks positiefs nie. Namate die ANC in trurat vorentoe beweeg, kelder onkunde en onbevoegdheid alle vooruitgang. Selfs die grondwet is niks anders as ‘n draaiboek van die onheilige alliansie tussen die ANC en SAKP nie! In plaas van vrede bevorder dit barbaarsheid, wraakaanvalle, vergeldingsmaatreëls en rassehaat; ‘n droewige prentjie van algehele verval. .

Na etlike dekades van onafhanklikheid is Afrika vandag ‘n groter probleemgebied as ooit tevore. Sy mense word daagliks deur oorbevolking, armoede, hongersnood, misdaad, werkloosheid en korrupsie verteer. Dit spel een ding uit: Swartes is onbevoeg om onafhanklik te wees. Oral waar hulle ‘n voet in die deur kry, volg magsmisbruik, intimidasie, vergelding, nepotisme, onreg, korrupsie en ‘n magdom van wanpraktyke wat hul eie mense die ergste tref.

Die onreg van die nuwe Suid-Afrikaanse bedeling is ‘n sprekende voorbeeld hiervan. ‘n Swart meerderheid word straffeloos toegelaat om geen eiendomsbelasting, water en elektrisiteit te betaal nie, terwyl ‘n blanke minderheid met wetgewing gedwing word om tariewe te betaal wat vir hierdie verliese vergoed. Die Masakhane-veldtog wat daarop gemik was om stedelike swartes te oorreed om vir dienste te betaal, het klaaglik misluk. Die roofkultuur geniet vrye teuels!

Wanneer die Boerevolk dit wat vir hom kosbaar is, wil beskerm, word ons ten onregte van rassehaat beskuldig. Maar was daar al ooit ‘n volk wat meer vir swartes gedoen het as die Boerevolk? In dié opsig staan Brittanje en ander oudkoloniale moondhede ver agter ons. Desnieteenstaande bly swartes ondankbaar. Die enigste rede waarom hulle blankes nog duld, is omdat hulle handige melkkoeie is!

Daar is geen kuns wat ‘n swart regering vinniger aanleer as om geld uit blanke belas-tingbetalers se sakke te dreineer nie. Banke bloeddruk styg wanneer

mense wat nie veel meer as asemhaal nie, bakhand staan en mildelik van belastingbetalersgeld voorsien word, selfs vir hul stringe buite-egtelike kinders!

Die Verenigde Nasies en oudkoloniale moondhede spandeer astronomiese bedrae ten einde die Afrikamens uit sy onproduktiewe denke los te wikkel. Alles tevergeefs! Die Afrikamens pas nie by die Westerse ontwikkeling in nie. Sy skynbare aanvaar-ding van Westerse waardes is niks anders as lippetaal nie!

Regstellende aksie is besig om in Amerika die wind van voor te kry. In 1996 het die burgemeester van Sacramento byvoorbeeld 700,000 handtekeninge van geregi-streerde kiesers ontvang wat die onverwylde opskorting van hierdie onreg geëis het.

'n Paar jaar gelede het Kaliforniërs vir een van die mees omstrede wetsontwerpe in die Amerikaanse geskiedenis gesorg toe swart bevoordeling deur Proposisie 209 beëindig is. Dertig jaar se onbeskaamde bevoordeling van swart Kaliforniërs het min uitwerking op die verhoging van swart prestasie getoon. 'n Plaaslike professor het hierdie tyd as "30 jaar wat in die niet verdwyn het" beskryf.

Dis opvallend dat oral waar meriete die maatstaf is, swartes altyd veronreg voel en blankes van diskriminasie beskuldig. Dit maak hulle natuurlik swakker as wat hulle werklik is. Swartes is geensins bereid om dieselfde opofferings as blankes te maak ten einde iets in die lewe te bereik nie. Hulle wil alles eerder verniet hê!

Terwyl vrysinniges voorgee om nie-rassig te wees, steek swartes dit geensins weg dat hulle hul eie soort verkies nie. Swartes is onteenseglik die grootste rassehaters ter wêreld en het meesterlik daarin geslaag om die internasionale gemeenskap te oortuig dat hulle slagoffers van rassehaat is!

In A History of the Modern World (1983) skryf Paul Johnson, 'n Britse historikus: *"All African states are racist. There is no African country where tribal or racial origins, skin, colour or religious affliliations are not of prime importance in securing elemen-tary rights. Even small states like Rwanda are riven by racial fissures. These divisions have produced appalling civil wars in Nigeria, Chad, Zaire, Uganda and elsewhere"* (p. 506).

Die woord *rassisme* is deur die liberale media as 'n skeldwoord ontwerp om blankes wat hul rassewaardes wil handhaaf, as rassehaters by te kom. Daarna het

dit in ‘n politieke plofkrag ontwikkel wat teen al wat blank en Westerling was, ingespan is.

Die ironie is dat daar skynbaar twee tipes rassisme is. Eerstens is daar blanke rassisme wat afskuwelik en ‘n aartssonde is. Dan is daar ook swart rassisme wat as swart nasionalisme lof toegeswaai word. Gevolglik is die openbare mening gevorm om te glo dat rassisme, wanneer dit blanke rassewaardes verdedig, ‘n vergryp teen die mensdom is. Swartes kan daarenteen net soveel haatuitsprake maak as wat hulle wil. Dis geen ergerlikheid nie!

Rasseverskille kan nooit geminag of weggeredeneer word nie. Dis deel van God se skeppingsplan. Benjamin Disraeli het terreg opgemerk: *“Alles is ras; daar is geen ander waarheid nie. Dis die sleutel tot die geskiedenis. Elke ras wat argeloos toelaat dat sy bloed vermeng raak, moet tot niet gaan!”*

Het die ANC miskien op ‘n ander basis as ‘n rassebasis tot stand gekom? Sy doel was om die swart ras op politieke gebied te bemagtig ten einde die bewind by die blankes oor te neem. Daarna het die ANC die grootste beoefenaar van rassehaat in die geskiedenis van Suid-Afrika geword.

Wat is die ANC se regstellende aksie anders as onbeskaamde rassediskriminasie? Die rampspoedige gevolge hiervan sal nooit na reg bereken kan word nie. Dis nasionale selfmoord! Geen land kan produktief wees met mense wat in senior poste aangestel word, maar wie se opvoedkundige kwalifikasies en ondervinding hoege-naamd nie aan die aanvaarbare vereistes voldoen nie.

Ongelukkig is die ANC horende doof en sienende blind vir kritiek. Magsverkryging was die alfa en die omega van hul politiek strewe. Wat daarna met die land gebeur, is skynbaar van minder belang. Zimbabwe is die jammerlikste aanskouingsles hiervan in Afrika!

Siener voorspel dat ‘n herstrukturering van alle samelewingsnorme na die vrywording van die Boerevolk volg. Die ANC se nuttelose getallegrondslag sal met ‘n Bybels-gefundeerde merietegrondslag vervang word waarna onreg uit die weg geruim word.

Blanke bewuswording is alreeds besig om in talle lande pos te vat. Die liberale media verswyg dit net uit vrees dat sulke *verkeerde* publisiteit hulle appelkar sal omkeer en hulle as dwase sal ontmasker. Dis egter net ‘n kwessie van tyd!

HOOFSTUK 2

PROBLEME MET INDIËRS

Suid-Afrika staar groot moeilikheid met Indiërs in die gesig.

Siener voorspel dat Suid-Afrika groot probleme met Indiërs gaan ondervind. In ‘n gesig sien hy ‘n Indiër naderkom en ‘n geweer op hom rig. Die probleem word later so ernstig, dat hy binne in die bek van die geweer vaskyk.

Watter moeilikheid gaan dit wees? Sal dit met die Indiërs as bevolkingsgroep wees of sal dit eerder moeilikheid met die plaaslike Moslems wees? Baie Indiërs in Suid-Afrika hang die Moslemgeloof aan en Moslems is uit huis uit baie militant.

Indien die voorsiene moeilikheid wel met die plaaslike Indiërs as bevolkingsgroep gaan wees, hoef ‘n mens maar net op die prominente rol te let wat hulle alreeds in Suid-Afrika speel. Miskien gaan hulle ‘n al groterwordende rol in die nabye toekoms speel. Hulle kan selfs die nek word wat die ANC se kop swaai en daarmee die eintlike regeerders agter die skerm wees.

So anders as die ander plaaslike rassegroepe, is Indiërs oor die algemeen hoogs intelligente mense. Toe die onderwys nog geskei was en elke rassegroep se matriekuitslae afsonderlik gepubliseer is, het die Indiërs se uitslae baie goed met dié van die blankes vergelyk. Talle van hulle beoefen tans hoogs professionele beroepe.

Die ANC vertoon ‘n opvallende toegeneëntheid jeens Indiërs. Waarom? Kan dit wees omdat baie van die huidige prominente Indiërs erkende kommuniste is en saam met Mandela in die gevangenis was?

Die ironie is dat swartes uit huis uit Indiërs nie vertrou nie. Ons herinner ons aan die skokkende beeldmateriaal wat in die vroeë 1960’s in ‘n dokumentêre film *Africa Adieu* vertoon is. Dit toon onder andere hoedat Indiërs iewers in Afrika letterlik deur swartes die see ingejaag word om te verdrink!

Toe die Suid-Afrikaanse regering aan die einde van die negentiende eeu Indiër-arbeiders vir die suikerrietplantasies in Natal gewerf het, het hy ‘n lat vir sy eie bas gepluk. Kort daarna het Indiërs stemreg en grondbesit begin eis en groot ongeluk-kigheid in die land veroorsaak. Destyds was ene Mahatma Ghandi, ‘n prokureur, hulle leier. Daar is baie jare later ‘n uiters eensydige rolprent oor sy lewe gemaak wat deur liberaliste selfs met ‘n Oscar-toekenning bekroon is.

In die twintigerjare van die vorige eeu was die posisie van die Indiërgemeenskap in Suid-Afrika een van die lastigste vraagstukke vir die Nasionale Regering. ‘n Ooreen-koms tussen generaal JC Smuts en Gandhi het die saak egter nie opgelos nie omdat dit nie tot die kern van die probleem deurgedring het nie. Die Indiërs was ontevrede en die blankes het volgehou met ‘n agitasie teen Indiër-mededinging in die ekonomiese sektor. Toe Gandhi Suid-Afrika verlaat het, het hy generaal Smuts gewaarsku dat die stryd nie verby was nie en dat Suid-Afrika in die toekoms nog groot moeilikheid met die Indiërs sou hê.

Het Siener se gesig dalk direk iets met Gandhi se voorspelling te make of het dit eerder met die plaaslike Moslems te doen? Alhoewel Indiërs meesal die Hindoe-geloof aanhang, is daar ‘n beduidende groep wat die Moslemgeloof aanhang. Siener het op 20 Desember 1918 in ‘n gesig gesien hoedat mense in die Kaapkolonie in ‘n rigting gedwing word waarin hulle nie wil gaan nie.

Myns insiens verwys beide gesigte na dieselfde bedreiging. Die feit dat Siener van ‘n geweerloop in sy gesig praat, sê vir my dat die Boerevolk kort voor sy vrywording ‘n gewapende Moslem-opstand te wagte kan wees. ‘n Mens wonder watter rol Pagad (People Against Gangsters and Drugs) hierin gaan speel siende dat dit net uit Moslems bestaan? Kenners sê dat Pagad al geruime tyd in Suid-Afrika bestaan en dat die doel van hierdie organisasie nie is wat dit voorgee om te wees nie.

Teen die middel van 1997 is daar ‘n nuwe organisasie deur Moslems in Kaapstad gestig. Dit staan as Moslems teen Wêreldwye Verdrukking (MWV) bekend en is bloot ‘n front vir Pagad. Enkele dae na die stigting van die MWV is die huis van ene Brian Moron, ‘n prominente Joodse leier in Kaapstad, tydens ‘n petrolbomaanval beskadig.

Hierdie aanval is deur openbare haatuitsprake en opruiende toesprake van verskeie Pagadleiers voraafgegaan. Die Sondag voor die aanval, het die MWV ‘n optog voor die Israeliese ambassade in Kaapstad gehou waartydens die PAC

se haatslagspreuk "*one settler, one bullet"* met *"one Zionist, one bullet"* vervang is.

Die aanval op die Joodse huis was 'n direkte uitvloeisel van hierdie slagspreuk. Kort hierna het 'n regeringswoordvoerder Pagad gemaan om dringend en ernstig oor sy rol in die nuwe Suid-Afrikaanse bedeling te besin en gevra dat Moslemgeestelikes moes toesien dat haatspraak en wraakaanvalle onmiddellik gestaak word.

Watter rol gaan hierdie organisasie in die nabye toekoms speel? Te oordeel aan Siener se spesifieke verwysing na Kaapstad, kan dit wees dat die Moslems hulle stempel hier baie hard gaan afdruk. Kan dit wees dat Pagad op 'n stadium wet en orde in hierdie provinsie gaan oorneem? Sy huidige premier is 'n Moslem!

Moslems is natuurlik in hul noppies omdat Suid-Afrika sy Christelike Grondwet vir 'n sekulêre (wêreldlike) een verlaat het. Dit het hulle vernaamste kritiek teen die Christendom bevestig, naamlik dat laasgenoemde veins, sy aanhangers nie leef soos wat hulle voorgee nie, lam in die bene is en nie sterk vir hul oortuigings staan nie.

Moslems beskou 'n sekulêre staat of enige vorm van sekularisme as godlasterlik en verwerplik. Daar is byvoorbeeld geen sekulêre Moslemstaat in die wêreld nie. Trouens, Moslemstate is gewoonlik uiters onverdraagsaam teenoor ander gelowe. Reeds in Maart 1947 het Yusuf Sulaiman, redakteur van die blad *"Islam Express"* geskryf dat die Moslemgeloof die enigste ware geloof is. Hy ag die Christelike geloof as onrein en vals en ontken dat die Bybel die Woord van God is.

HOOFSTUK 3

DIE BLOEDPAD NA VRYHEID

'n Onvermydelike bloedpad lei na ons vryheid.

Die Boerevolk was aan God ongehoorsaam en is gestraf. Soos wat oud-Israel Babel as straf vir hul afvalligheid ontvang het, het die ANC-bedeling die roede in God se hand aan die suidpunt van Afrika geword. Hy was Israel egter genadig en het na etlike jare hul vryheid teruggegee. Die Boerevolk gaan ook sy vryheid terugkry. Dis die as waarom Siener se gesigte draai. Hierdie vryheid sal egter oor 'n bloedpad loop en die jong vryheidsboompie met Boerebloed benat word.

Siener voorspel egter dat hierdie moeilike pad na vryheid van korte duur gaan wees. In 'n gesig beleef hy dit as 'n tyd van intense donkerte. Eers sit hy op 'n perd en dit word so donker om hom, dat hy die perd se maanhare nie kan sien nie. Daarna word dit so donker dat hy sy hand nie voor sy gesig kan sien nie.

Siener sê ter bemoediging dat dit vir diegene wat voorbereid is, hierdie tyd nie so donker soos vir die onvoorbereides sal wees nie. Volksgenote wat hul afkoms, kultuur en geestelike goedere liefhet en beskerm, sal hulle in dié tyd kan staal terwyl volksvyandiges en hul meelopers wreed ontnugter sal word.

Daarom is dit nou die tyd om ons rug finaal op liberale instansies, veral ontspoorde kerke, te keer wat ons volk op die glybaan van volksvernietiging geplaas het. Ons moet beginselvas wees en nie toelaat dat sentimente die botoon in ons lewens voer nie. As 'n instansie teen apartheid is, is hy volksvyandig en moet verwerp word. Uit die krom hout van die liberalisme sal daar vir ons nooit weer iets reguit voortkom nie**.**

Niks gee groter aanstoot as volksgenote wat toelaat dat hul eie strukture en organi-sasies deur volksvyandiges geplunder word nie. Hoe kan 'n slagoffer respek vir sy laksman hê? Swakkelinge durf nie met ons volk se toekoms vertrou te word nie. Die tyd het aangebreek dat ons beginsels eens en vir altyd swaarder as ons sentimente weeg. Behoudende kerke en instansies wat die moeilike pad van volksbehoud loop, behoort beter ondersteun te word. Aan die

einde van die dag is dit al wat staande gaan bly terwyl volksvyandiges in hul verlate loopgrawe sit en krepeer.

Siener sien dat hierdie bloedpad ten einde loop en ons ‘n vrye Boererepubliek uit die hand van God ontvang. Daar is geen alternatief nie. Die Boerevolk kan tog nie te midde van ’n see van Afrika-ellende op ‘n geïsoleerde eiland van goeie administrasie en ekonomiese voorspoed sinvol voortbestaan nie. Nog minder kan vryheid onder korruptes gedy. Siener sien dat die Boerevolk van alle onheilsdissipels bevry word en ‘n ***perfekte republiek*** uit die hand van God ontvang.

Die Boerevolk bevind hom sedert die magsprysgawe in April 1994 in ‘n vernietigende see van swart onredelikheid en nimmereindigende vergeldingstappe. Dis egter bemoedigend om te weet dat hierdie mistroostige prentjie gaan verander en dat ons donker vaderland deur die Hoërhand se ingrype ‘n sonnige toekoms tegemoet gaan.

Die Boerevolk is alreeds in ‘n staat van lae intensiteit oorlogvoering gewikkel wat die potensiaal het om in ‘n volskaalse oorlog oor te gaan. Ons is elke dag in stryd met gedugte vyande soos onreg, onbevoegdheid, vergelding, geweld en skaamtelose rassediskriminasie; so tipies van alle Afrika-diktature.

Volksvyandige aanvalle durf ons volk nie knak nie, maar eerder al hoe weerbaarder maak. Elke poging om ons taal te vertrap, behoort met nuwe ywer vir die behoud daarvan opgevolg te word. Elke aanmoediging om ons volksidentiteit en vryheids-drang te laat vaar, moet eerder deur ‘n oplewing daarvan opgevolg te word. Ons durf nooit dit wat vir ons belangrik is op die altaar van internasionale aanvaarding te plaas nie. Blanke toegewings is tevergeefse offerandes. ‘n Hond wat al tjankende die hand van sy kastyder lek, is ‘n sleg hond!

Die Boerevolk is tans nie geestelik weerbaar nie. Die duisende volksgenote wat nog steeds ontspoorde kerke en ander volksvyandige instansies blind-lojaal ondersteun, belemmer ons toekoms. ‘n Volksgenoot wie se sentimente swaarder as sy beginsels weeg, doen sy volk bykans net soveel skade aan as die volksvyand self!

Laat ons egter positief wees. Die geskiedenis leer ons dat telkens as ‘n godvresende volk vir sy vryheid, eer en reg te veg, opgestaan het, God ‘n minderheid beskik het om die stryd aan te knoop en deur te voer. Die Boerevolk

het grootliks in die nuwe Suid-Afrika verlore geraak. Siener sien dat die Here almal wat bymekaar hoort bymekaar sal maak en aan ons ‘n perfekte republiek skenk.

Siener sien voorts dat ‘n emmer bloed omval waarin die vryheidsvlag wat oor ons Nuwe Republiek gaan wapper, gedoop word. Ons vryheidspad loop deur die bloed van volksgenote wat hul lewens in die stryd verloor het. Die slotwoorde van ons volkslied: *"Ons sal lewe, ons sal sterwe, ons vir jou Suid-Afrika"* is profeties!

Die internasionale gemeenskap sal kennis neem dat die Boerevolk nie die wortellose uitvaagsels is wat liberaliste voorgee nie, maar ‘n volk sterk op pad na sy vryheid. In die Nuwe Republiek sal ons die reg hê om onsself te wees en as ‘n verlengstuk van ons verlede sinvol en doelgerig voortbestaan.

In die Nuwe Republiek gaan heldeverering ‘n groot rol speel. Ons gaan uiteraard self heldhaftig optree. Ons was vir te lank blote kaartjiesknippers van dit wat ons voorsate verwerf het. In die nuwe bedeling sal ons self stewige deposito’s vir ons kinders en kindskinders maak. Goethe het gesê: *“ As jy dit wat jou voorvaders aan jou nagelaat het wil behou, sal jy dit van voor af moet verdien*”.

HOOFSTUK 4

DIE EINDE VAN KOMMUNISME

Siener sien dat kommunisme die bron van die meeste van ons landsprobleme word. Suid-Afrika se *swart probleem* is in werklikheid ‘n kommunistiese een. Kommunisme is Satan se nabootsing van die Christendom en derhalwe ‘n bose ideologie. Dit het nog nêrens vrede gebring nie, maar slegs die dood. Meer as 150 miljoen mense het sedert 1917aan die hand van kommuniste gesterf!

Oral vlug mense van kommunisme af weg. Geen regdenkende kan hom met so ‘n boosheid vereenselwig nie. Nogtans is daar ten spyte van al die weersinswekkende aanskouingslesse, aan die suidpunt van Afrika vir kommunistiese verknegting gestem. Liberaliste is geensins vir kommunisme allergies nie. Hulle voel hulle inteendeel sterk tot sosialisme (die onderbou van kommunisme) aangetrokke.

In werklikheid is kommuniste geensins oor swartes en hulle welwese began nie. Hulle bedenklike menserekord spreek boekdele! Kommuniste moedig rassevermenging slegs aan omdat dit rassespanning en botsings bring waarop die kommuniste hul rewolusie kan bou. So vroeg as 1912 het Israel Cohen, ‘n Britse kommunis, gesê dat rassespanning een van die kragtigste wapens in hul rewolusionêre stryd gaan wees.

Swartes se onversadigbare aptyt vir mag en oorheersing pas mooi in die kommunistiese kraal. Kommuniste beskou hulle as “usefull idiots”. Die Boerevolk het dure ondervinding hiervan! Hoe gewillig was die plaaslike swartes nie om die kommuniste se vuilwerk vir hulle te doen nie! Hulle was gewillige pionne op die Kremlin se skaakbord nadat hulle tot ‘n ongekende haat teenoor die blankes aangespoor is. Dis belangrik dat ons volksgenote moet weet wie sy vyande is. Ons huidige stryd is eintlik nie teen die plaaslike swart volke nie. Hulle is ‘n opgesweepte onkundige massa. Ons werklike stryd is teen die onheilige drie-eenheid van die ANC, SAKP en COSATU. Die SAKP beheer die ANC en glo dat ‘n stelsel wat Oos-Europa en die ou Sowjetunie in ellende gedompel het, hier by ons sal slaag.
Kommuniste gaan eintlik baie stereotiep te werk. Eers teiken hulle ‘n land, daarna skep hulle anargie waarna hulle dit deur onderhandelinge of met geweld

oorneem. Dis ‘n kruipende proses wat geleidelik toegepas word totdat die geteikendes in hulle seekatgreep verstrengel raak en soos klei in hulle hande word. As so ‘n land val, bereik dit selde of ooit weer ‘n noemenswaardige beskawingspeil. Dis ‘n feit dat kommuniste nog nooit beroemdheid vir ‘n hoë moraliteitspeil verwerf het nie.

Kommuniste poog om die Suid-Afrikaanse gemeenskap tot eenvormigheid te dwing. Die ANC doen dit sedert 1994 onder die dekmantel van demokrasie en wetlikheid. In werklikheid het die ANC geen erg aan demokrasie nie. Hulle aanspraak daarop be-rus op niks anders as ‘n swart meerderheidstem nie. Hierdie eenvormigheidsideaal baan die weg vir sosialistiese staatsbeheer en ‘n sosialistiese regering beroof altyd diegene wat hard werk om aan luies uit te deel.

Die grondwet doen hieraan mee wanneer dit diskriminasie teen blankes wettig. Met hul *regstellende aksie* dwing die ANC ekonomiese gelykmaking op die gemeenskap af sonder om die vernietigende gevolge daarvan te bedink. Dat Suid-Afrika in ‘n tipiese derdewêreldse, verarmde kommunistiese diktatuur gaan verander, pla hulle skynbaar nie.

Tydens die apartheidsera is daar streng teen kommuniste en hul bose bedrywighed opgetree. Die destydse regerings het lof daarvoor ontvang. Wie dit vandag waag om kommmuniste teen te staan, sal nie net fel kritiek ontvang nie, maar besmoontlik ook in die tronk beland! Daardie bose mag wat ons ondergang begeer, word vandag as helde vereer en gepamperlang. Van hulle het al selfs eredoktorsgrade ontvang!

Oral waar verraderlike politici in die verlede toegewings gemaak het deur van die beleid van afsonderlike ontwikkeling af te wyk, is geleenthede vir onreg geskep. Wankoersiges het aan kommuniste die nodige brandhout vir hul rewolusionêre vure voorsien. Gemeet aan die toenemende misdaad en geweld in ons land, brand hierdie vure tans uitsonderlik hoog!

Kommuniste is met niks anders as totale beheer van Suid-Afrika tevrede nie. Dis nog net die Boerevolk wat werklik in hulle pad staan. Daarom propageer hulle allerlei haatveldtogte teen volksgenote ten einde die onkundige swart massas se guns te probeer wen. Hulle gee selfs voor om bondgenote in die *stryd teen apartheid* te wees sonder dat die ANC onraad vermoed.

Die ANC is vir hulle slegs ‘n handige voertuig wat hulle by hul verlangde bestemming sal besorg. Die SAKP en sy arbeidsvennoot COSATU, is die

bepalende dryfkrag in die huidige regering. Indien hulle sou onttrek, sal die ANC bus onmiddelik gaan staan en net passasiers oorbly.

Die Afrikamentaliteit pas kommuniste soos ‘n handskoen. Afrika is ‘n plek van diktators en dwase wat as gevolg van volgehoue kommunistiese breinspoeling nie in staat is om rassioneel te dink nie. Hulle besef nie dat hulle die kommunistiese saak dien nie! COSATU en die SAKP is byvoorbeeld hard besig om die ANC van die vryemark-stelsel te laat afsien. Dit sal Suid-Afrika op die noodlottige pad van sosialisme en ekonomiese verval plaas.

Onder die ANC pluk ons alreeds die wrange vrugte van ‘n ideologie wat bo die werklikheid gestel word. Stakings en ‘n uiters aanstootlike, kinderagtige gespring deur swart volwassenes is aan die orde van die dag. Siener voorspel dat hierdie stakings ons landsekonomie kort voor lank gaan ontwrig en selfs tydelik gaan lamlê.

COSATU gaan ‘n prominente rol in dié ontwrigting speel. Sy nuwe arbeidswetgewing bevoordeel alreeds die werker bo die werkgewer op ‘n ekonomies teenproduktiewe wyse. Werknemers beskik oor al die regte terwyl werkgewers slegs verantwoordelik-hede het. Dis tipies kommusties. Vernietig eers ‘n land se ekonomie waarna jy jou eie orde op die chaos kan afdwing!

Let op COSATU se bedenklike optrede. Hierdie kommunisties georkestreerde vakbond wek die indruk dat werkskepping en ekonomiese groei nie hoog op sy agenda voorkom nie. Dit wil eerder sy sosialistiese doelwitte verwesentlik, ongeag die gevolge.

Die wettiging van swart vakbonde was een van die allergrootste flaters in die Suid-Afrikaanse politiek. Toe profete in ivoortorings hulle vir die daarstelling van swart vakbonde beywer het, het regse politici hulle gewaarsku dat swartes dit vir politieke gewin sou misbruik. Daarbenewens sou dit aan kommuniste die gaping bied waarop hulle lank gewag het. Ontspoordes het dié waarskuwings as alarmmakery afgemaak en op hul fatale pad volhard. Vandag kom kommunistiese kleure en embleme op baie van die swart vakbonde se kentekens en baniere voor.

Die ontbanning van die SAKP was politieke kranksinnigheid. Toe dit in 1950 deur dr. D.F. Malan in die ban gedoen is, het daar onmiddellik ‘n rustigheid in die land gekom wat vir bykans 40 jaar sou duur. Toe die kommunisme mag in tagtigerjare van die vorige eeu in die Sowjetunie verbreek is, was dit ongelukkig

nie die laaste sien van die bose blikkantien nie. Dit het bloot van rigting verander en van noord na suid verskuif waar dit in Suid-Afrika vrugbare grond vir sy ontwortelde stelsel gevind het.

Toe mnr.F.W. de Klerk die ANC/SAKP op 2 Februarie 1990 ("Rooi Vrydag") ontban het, is helse magte oor die Boerevolk ontketen wat duisende lewens gekos het. Kort voor hierdie tragedie het die verraderlike NP sy kiesers nog die volle versekering gegee dat daar nie met geweldenaars gepraat sou word nie. Hulle het skaamteloos gelieg! Die NP het nie net met boosdoeners onderhandel nie, maar ook die land op 'n skinkord aan hulle oorhandig!

Die tragiese was dat talle vooraanstaande Afrikaanse kerke ten gunste van onderhandelings met bose magte was. Prominente kerklui is selfs na Dakar en ander ontmoetingsplekke genooi ten einde die voorwaardes vir die magsprysgawe aan die boosdoeners te bespreek. By hulle terugkeer het hulle hul die rol van *agente-vir-verandering* toegeëien en die hel as hemel begin bemark. Dit het hierdie kerke hul profetiese visie gekos!

Hoe meer kerke by die *stryd teen apartheid* betrokke geraak het, hoe verdraagsamer het hulle teenoor kommunisme geword. Kerke wat in pas met laasgenoemde se marsmusiek in pas gekom het, het hul rug op hul eie kerklike verlede gedraai. Dit het 'n identiteitskrisis laat ontstaan. Lidmate was nie meer seker of hulle kerke vir of teen kommunisme was nie!

Die ANC het in sy mou gelag toe die NP die ontbanning en van die satansmagte vanaf podiums en kansels as die sleutel tot vrede in Suid-Afrika begin bepleit het. Hierdie ommeswaai is as 'n swakheid in die blanke verdedigingsmondering gesien wat uitgebuit moes word.
Die huidige regering bevat 'n rare klompie politieke voëls wat hul dapper vlerkslag al te duidelik by die Kremlin geleer het. Hulle verwag van ons om die moord, verkragting en berowing van volksgenote gelate te aanvaar. Ons het nuus vir hulle. Die Boerevolk sal nooit in der ewigheid met die ANC/SAKP se afstootlike optredes vrede maak nie en hom oral teenstaan!

Kommunisme is soos 'n wipplank. Toe dit in Oos-Europa sak, styg dit in Suid-Afrika. Siener sien dat hierdie wipplank weer van posisie gaan verander. Rusland gaan na sy ou weë terugkeer waarna kommunisme vir goed by ons gaan verdwyn.

Die Boerevolk gaan vir tyd en wyl onder ‘n kommunistiese hiel gebuk. Die huidige regering is in werklikheid ‘n kommunistiese regering wat agter ‘n ANC masker skuil. Let maar net op hoe Suid-Afrika al hoe meer in die rigting van ‘n groterwordende sosialistiese (kommunistiese) regeringsbestel gedwing word.

Een van die duidelikste tekens hiervan was die onaanvaarbare optrede van Nelson Mandela ‘n paar jaar gelede tydens die aanwysing van ‘n hoofregter. Hy het sy wil skaamteloos op almal probeer afdwing. Afrika het ons een les geleer: Hoe groter die mag in onbevoegde hande, des te gevaarliker is die misbruik daarvan!

Die ANC wil homself met wetlike mag beklee om dan na goeddunke in die regstoe-passing in te meng. Om die regsproses te hanteer asof dit ‘n persoonlike besitting is, is ‘n eienskap wat uitsluitlik by diktators voorkom. Suid-Afrika het ‘n gevaarlike fase bereik waarin die regering bloot die natuurlike regsproses kan verydel en skotvry daarvan afkom. Watter hoop is daar dan op ‘n billike regspraak?

Die patroon wat tans ten opsigte van misdaadbekamping gevolg word, stem ooreen met dit wat vir dekades lank in die res van Afrika gevolg is. Nuwe beheermaatreëls om misdaad te bekamp, word telkens aangekondig, maar verwerklik nooit. Is die regering onmagtig of eerder onwillig om wetteloosheid hok te slaan? Dit help nie om gatsometers in doodloopstrate op te stel nie!

Die voorbeeld wat die ANC stel, maak van Suid-Afrika ‘n rampokkerparadys. Mense wat blankes vermoor het, word as bevrydingshelde vereer en medaljes aan hulle toegeken. Hoe het ons volk nie onder barbare verval nie – mense wat van die reëls van ‘n ordelike en beskaafde gemeenskap ontslae geraak het!

Die misdaadvlak in Suid-Afrika word deur kenners as die hoogste ter wêreld naas ‘n oorlogsituasie beskryf. Dit het in die eerste vyf jaar van ANC bewind met 770% toegeneem! **‘**n Vreesaanjaende eer het ons te beurt geval en ons land het ‘n punt bereik waar dit skynbaar lonender is om ‘n misdadiger te wees en vir ‘n sindikaat te werk, as om ‘n maand se eerlike salaries te ontvang.

Dr.Jan du Plessis, ‘n kenner van die kommunisme, het gesê dat geweld meer as net blote moord en doodslag is. Dis dwang omdat dit die mense die reg op ‘n eie keuse ontneem. Dit verkneg hom en maak hom, soos in die huidige swart bedeling, bang om te leef. ‘n Samelewing waarin geweld heers, raak spoedig

lam en hou uiteindelik op om normaal te funksioneer - presies wat die kommuniste wil hê!

Vanweë onbevoegdheid en korrupsie kan selfs die polisiediens nie meer vertrou word nie. Lede van die polisiediens maak hulle gereeld aan misdaad skuldig. Gevolglik het die verskil tussen beveiliging en bedreiging onduidelik geword. Gedurende die apartheidsera jare het ‘n gedugte veiligheidsmag die misdaad effektief beveg asook kommunistiese aanslae afgeweer. Vandag is ‘n korrupte en onbevoegde polisiemag deel van die probleem!

Die onregeerbaarheid waarop Suid-Afrika afstuur, is selfs vir die ANC ‘n bedreiging. Waar wet eindig, begin tirannie. Churchill het gesê dat as jy op ‘n tier ry, jy moet verwag om gebyt te word. Nogtans spoed die ANC voort in hierdie doodloopstraat. Die glybaan van vermorsing en korrupsie waarop Suid-Afrika beweeg, baar ellende en chaos. Dit volg ‘n tipiese kommunistiese patroon wat daartoe kan lei dat die SAKP op ‘n stadium sy eie orde op die chaos kan afdwing.

Onder die ANC word Suid-Afrika al hoe onregeerbaar. Dis dieselfde booswigte wat die land met hul aanhoudende terroriste-aanslae onregeerbaar wou maak as deel van hul rewolusionêre strategie! Talle swartes is uiters ontnugter. Hulle wat die sogenaamde *onreg van apartheid* wou uitwis, het nou eers slagoffers van geweld geword! Die ANC is toe nie die redder van Suid-Afrika soos wat hy voorgegee het nie, maar die grootste vyand daarvan. Dis ‘n selfvernietigende organisasie wat die hele land in ellende dompel.

Die ANC se ekonomiese beleid van ‘n vryemarkstelsel is niks anders as ‘n politieke vyeblaar waarmee hy sy sosialistiese ideologie probeer bedek nie. Laasgenoemde kom duidelik in sy arbeidswette en openbare optredes na vore. Die ANC is blatant oneerlik wanneer hulle Westersgeoriënteerde en demokratiesgesinde lande se geld aanwend om hul sosialistiese doelwitte na te streef.

Die werksaamhede van die Waarheids-en Versoeningskomitee (WVK) was duidelik op ‘n kommunistiese lees geskoei. Die wraaksugtige optrede van ‘n swart biskop en sy beskuldigingslakeie is tipies van die KGB. Dit was niks anders as ‘n onbeskaamde haatveldtog wat onder die dekmantel van versoening spesifiek teen blankes gevoer is nie. Gelukkig het dit nooit enige

geloofwaardigheid ingeboesem nie, selfs nie eens met ‘n omstrede swart Nobelpryswenner aan die spits van sake nie.

Hierdie biegkommissie met sy blatant eensydige agenda was veronderstel om versoening te bring maar het soos die meeste swartes, aan versteende wraaksug gely**.** Ou wonde is gedurig oopgekrap en ongekontroleerde gruverhale vir die waarheid aanvaar. Daarbenewens is talle blankes op grond van ongetoetsde swart bewerings gedagvaar. Dit het ‘n mens aan die optrede van die Swart Ommegang van twee eeue gelede laat dink.

Die WVK was eerder ‘n goed beplande heksejag en rewolusionêre klimaat van opinie wat die normale regsprosedure verwerp het, waar dit nie met die ANC se siening van skuldig of onskuldig gestrook het nie. Mense wat hulle in vergelding verlustig, hou uiteraard hul eie wonde aan die bloei!

Die WVK het blanke verdagtes gedurig onder druk geplaas om verskoning vir hul aandeel in apartheid te vra. Mense met lelike balke in hul oë het aanmatigend daarop aangedring dat diegene met splinters in hul oë dit in die openbaar moes uithaal. Dit het van die WVK nie net ‘n politieke knuppel gemaak nie, maar ook ‘n tipe van inkwisisie wat almal wat in die verlede teen die ANC en SAKP opgetree het, op tipies KGB wyse uitsgenuffel en vervolg het.

Die ANC moes eerder SWAPO se versoenings voorbeeld gevolg het. Toe laasge-noemde in Suidwes-Afrika aan bewind gekom het, het hulle besluit om die verlede met rus te laat. Daar is nooit op verdagtes jag gemaak en geen poppespelkarakter in kerklike gewaad toegelaat om vure van haat en wraak aan te blaas nie.

Die bedenklike optrede van die WVK het geen versoening gebring nie. Hulle het net belastinggeld vermors, mense die harnas ingejaag en versoening na sy peetjie gestuur. Hoe dan anders as elke ANC-terroris as ‘n edele held, en elke bewaker van die Boerevolk as skuim van die aarde gesien word!

Gevolglik sien die Boerevolk verlangend uit na die vernietiging van die kommunistiese ideologie soos wat die Here aan Siener getoon het. Sodra kommunisme verdwyn, sal wet en orde herstel en misdaad daadwerklik bekamp word. Dan sal die son weer oor ons eens sonnige land skyn.

HOOFSTUK 5

DIE NUWE LEIER

God voorsien die Boerevolk van 'n nuwe leier

Ons volksgeskiedenis is ryk aan helde en heldeverering speel 'n groot rol by ons. Name soos Louw Wepener, M.T. Steyn, Danie Theron, Paul Kruger, Jopie Fourie, Hendrik Verwoerd en ander helde vul ons boereharte met trots. Dit was mense wat diep en beduidende spore in ons volksgeskiedenis getrap het.

Helde word egter nie net aan veldslae of die politiek gekoppel nie. Daar is ook geestelike helde. Suid-Afrika het talle helde van die daad sowel as van die gees opgelewer. Ongelukkig het dieselfde gebeure wat helde na vore gebring het ook sy kwota verraaiers en lafaards opgelewer – mense wat willens en wetens aan die vyand gedienstig geraak het ten einde hul voortbestaan te verseker.

Na die moord op dr.H F Verwoerd het die een verraderlike gees na die ander op die politieke toneel verskyn; mense wat hul skaamteloos vir 'n sonsondergang oor 'n beskaafde Suid-Afrika beywer het. Ten spyte van die ellende wat hul lamsakkigheid ons gebring het, vereer ons steeds ons volkshelde. Hulle name staan soos 'n kragtige getuienis van moed en durf teenoor die onderduimsheid van verraaiers en herinner al wat verraaier is aan ons suksesvolle verlede gemeet aan die huidige verval waarin hulle die Boerevolk gedompel het.

In een van sy bemoedigendste gesigte sien Siener 'n nuwe held na vore kom. Dis 'n Boereleier met 'n wit baard en in 'n bruin pak klere geklee. Siener sien hoedat hierdie man duisende volksgenote by 'n koppie noord van Lichtenburg laat saamtrek. Hy is 'n leier van formaat wat in die hitte van die stryd as 'n gesant van God na vore kom.

Soos wat God vir Moses na Israel gestuur het om sy volk van die Egiptiese slawerny te bevry, sal God hierdie man op 'n gegewe tyd stuur om die Boerevolk van die kommunistiese verdrukker te bevry en na vryheid te lei. Hy sal nie noodwendig 'n president of staatsman wees nie, maar 'n gesant van die Here. Hy sal sterk leiding in ons vryheidstryd neem en ons volk met die krag en

genade van God na vryheid lei. Siener sien dat sy ferm dog kalm en diplomatiese optrede die vyand ontsenu.

Hierna praat Siener van die verwerkliking van ons toekomstige vrye volksrepubliek as ‘n ongekende, heerlike werklikheid. Dis baie duidelik nie die resultaat van ‘n stembusoorwinning nie, maar die gevolg van ‘n burgerlike staatsgreep.

Daar is tans ernstige kommer oor ons volk se verdeeldheid. Baie volksgenote twyfel daaraan of ons ooit weer bymekaar sal staan. Volgens Siener se gesig sal hierdie nuwe leier die besondere gawe van God ontvang om ontnugterde en moedelose volksgenote op te beur, moed te laat skep en saam te snoer.

Die verdeeldheid in ons volksgeledere is nie so groot as wat algemeen aanvaar word nie. Die verdeeldheid wat daar wel is, is eerder onder die regse politieke leiers en nie soseer onder die gewone volksgenote nie. Onderlinge verdeeldheid neem egter af omdat die tydsgewrig waarin ons tans verkeer, volksgenote noodsaak om by mekaar te staan en probleme die hoof te bied.

Partypolitiek het die Boerevolk meer skade as goed gedoen en ons ernstig verdeel. Die Westministerstelsel waarop die geskoei is, was uiteraard deel van Brittanje se verdeel-en-heers strategie. Stryd gaan ons saamvoeg en die bose afgrondspiraal finaal breek. Eendrag maak mag!

Siener sien dat baie misleide volksgenote tot besinning kom en tot ons volksgeledere terugkeer. Ons moet sulke mense nooit vir hul liberale verlede verwyt nie. Hulle is ons mense en moet eerder soos verlore seuns met ope arms terugverwelkom word. Mense fouteer. Laat ons eerder bymekaar maak wat uit innerlike oortuiging bymekaar hoort. Volksgenote moet vir ‘n hernude kragontplooiing versamel word.

Dis verblydend om te sien hoe volksgenote toenemend bymekaar begin staan. Telkens wanneer die ANC-regering flaters begaan, bind dit ons hegter aan mekaar. Stryd is besig om die Boerevolk deur die smeltkroes te dryf en in die branding sal die harde kern van ons volkswil om te oorwin al hoe harder word. Daarenteen sal die volksvyand deur die stormwind van sy eie rewolusionêre optrede weggevee word.

Almal besef dat daar ‘n einde aan die huidige fiasko moet kom. Dinge kan nie onbepaald so voortduur nie. Die proses van verrotting moet so gou as moontlik

beëindig word. Die boerevolk is nie meer geneë om as die swartes se slaansak gebruik te word nie!

Wat verder bemoedigend is, is die feit dat anderstaliges hul ook toenemend by ons begin skaar. In die tyd van dr.H F Verwoerd het duisende Engelssprekendes vir hom gestem omdat hy by sy beginsels gestaan het en daardeur vir hul ‘n simbool van standvastigheid asook veiligheid geword het. Ek voorsien dat die geskiedenis hom in hierdie opsig gaan herhaal. Dis nie net Afrikaanssprekendes wat keelvol vir onbevoegde regeerders is nie!

Tydens die Tweede Vryheidsoorlog het talle vreemdelinge op eie koste na Suid-Afrika gereis om die Boeremagte teen die vyand te help veg. Ons het selfs ‘n Russiese offisier gehad wat hom so deeglik onderskei het, dat hy selfs tot generaal bevorder is! Ek glo dat daar baie anderstaliges is wat angstig is om hulle in die vryheidstryd by ons te voeg.

HOOFSTUK 6

DUITSE HULP

Die Boerevolk verkry hulp vanuit Duitsland.

Siener sien dat Duitsland ‘n deurslaggewende rol in ons vrywording gaan speel. Die Boerevolk het hom nog altyd tot die Duitse volk aangetrokke gevoel. So anders as die ander koloniale moondhede, was Duitsland nooit so behep met Afrika se inheemse kinders nie. Miskien kan dit aan hulle nasionale klem op rassesuiwerheid of onaangename ervarings met die Afrikamens toegeskryf word. Miskien beide.

Duitsland was as koloniale moondheid self in Afrika betrokke en het dieselfde stank vir dank as die ander koloniale owerhede ontvang. Sy edele pogings om Afrika se swartes uit die groef van hul agterlikheid te bevry, is nooit waardeer nie. Duitsland moenie verkwalik word indien hy swartes met voorbehoud bejeën nie.

In *Monitor (*Augustus 1991) verskyn daar ‘n artikel *“Duitsers ongelukkig”* waarin Duitsland se ontevredenheid met Afrika sonder omhaal van woorde uitgespel word. Daarin word gesê dat die beeld wat daar tans van Afrika in Duitsland bestaan, dié van seks, misdaad en ledigheid is. Verder lui die berig dat Duitsland nie geld belê in iets wat hy nie nodig het nie en dat al sy vorige hulp deur diktators opgeslurp is voordat dit die bestemdes kon bereik.

Siener sien in ‘n gesig hoedat drie opeenvolgende blou briewe tydens ‘n sitting by die Parlement afgelewer word. Blou is die kenmerkende Duitse kleur en hierdie briewe lei die laaste fase van ons vrywording in. Siener sien hoedat die eerste brief die parlementariërs ongemaklik maak en die tweede een hulle paniekerig laat rondspring. Die derde en laaste een laat hulle in ‘n warboel uitmekaar spat. Hierdie laaste brief is heelwaarskynlik ‘n ultimatum wat Duitsland aan die heidenregering gaan stel waarna die burgerlike staatsgreep gaan volg.

Hierdie briewe het myns insiens met die ANC se ontwapening van die Boerevolk te doen. Alhoewel die ANC vol brawade is, vrees hulle ‘n blanke staatsgreep

meer as enigiets anders. Die regering is alreeds besig om blanke vuurwapeneienaars aan bande te lê en sal met niks anders as algehele ontwapening tevrede wees nie.

Om hierdie skuif so onskuldig as moontlik te laat lyk, word dit onder die dekmantel van ‘n peperduur herregistrasie van vuurwapens gevoer. Die ANC voer as rede aan dat daar te veel onwettige wapens in omloop is.

Die ontwapening van die Boerevolk sal egter nie buitelandse oë ontglip nie. God gaan dit beskik dat Duitsland tot ons redding kom en drie amptelike briewe by die ANC aflewer. Ek verwag dat Duitsland in die eerste brief gaan eis dat die Boerevolk hulself mag herbewapen. Die regering gaan nie daaraan gehoor gee nie, waarna ‘n ‘n tweede soortgelyke een dieselfde behandeling gaan ontvang. Daarna word ‘n derde en finale brief as ‘n ultimatum gestuur.

Siener sien dat hierdie ultimatum geïgnoreer word, waarna Duitsland vir ons vyf skepe vol wapens stuur ten einde ons te bewapen. Hierdie wapens gaan onontbeerlik vir die finale stryd wees! Siener sien dat hierdie skepe by Luderitz land en die wapens per spoor na Prieska vervoer word waar dit persoonlik deur die Duiters aan ons oorhandig word. Dis dieselfde spoorlyn wat genls.L Botha en J.C Smuts laat bou het om die ou Duitswes-Afrika (Namibië) tydens die Eerste Wêreldoorlog vir die Engelse te annekseer.

Kritici het aanvanklik drie besware teen hierdie spesifieke gesig geopper. Eerstens dat Duitsland geen oorlogskepe gehad het nie omdat hy na die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog ‘n verdrag onderteken het om nooit weer oorlogsvaartuie te bou nie. Hoe kan Duitsland dan oorlogskepe na Suider Afrika stuur indien hy oor geen skepe beskik nie? Die tweede beswaar was dat Luderitzhawe te klein en vlak vir groot vaartuie is en derdens dat die 800 kilometer spoorlyn na Prieska al jare lank onder sand toegewaai is.

Hierdie prentjie het intussen verrassend verander. Op die voorblad van *Die Burger* (20 November 1996) verskyn ‘n foto van ‘n groot oorlogskip op haar nooiensvaart. Die meegaande berig lui dat dit die eerste Duitse oorlogskip is wat Kaapstad sedert 1938 besoek. Dis deur vier fregatte vergesel. Was dit heel toevallig dat nie een nie, maar spesifiek vyf oorlogsvaartuie Kaapstad aangedoen het? Niks is toevallig nie. Dit was ‘n proeflopie met die oog op die nabye toekoms!

Wat meer is, is dat Duitsland in Januarie 1997 $56 miljoen gegee het om Luderitz-hawe groter en dieper te maak asook die spoorlyn na Prieska oop te grawe en op te gradeer sodat dit ‘n swaarder vrag kan dra, ‘n werk wat in September 2000 voltooi is.

Die nuwe hawe is aansienlik groter en heelwat dieper terwyl die spoorlyn bykans dubbeld die vrag kan dra as waarvoor dit aanvanklik gebou is. Waarom? Waarvoor?
Om die wapens te hanteer? Is God nie alreeds aan die werk om ons ons vryheid terug te gee nie?

Waarom kom Duitsland ons te hulp? Eerstens omdat dit deel van God se raadsplan is en tweedens omdat Duitsland die traktate gaan erken wat die ou Boererebelle in 1914 in die ou Duitswes-Afrika onderteken het.

Aan die begin van die Rebellie het 600 ontevrede Boere onder leiding van generaal J.C Kemp na Duitswes-Afrika vertrek en ‘n verdrag met die plaaslike Duitse owerheid gaan sluit. Hulle het ondertekende traktate oorhandig waarin hulle onderneem het om nie namens Brittanje die wapen teen Duitsland op te neem nie. Hierdie traktate gaan na bykans ‘n eeu gehonoreer word!

HOOFSTUK 7

DIE NAG VAN DIE LANGMESSE

Swartes val blankes gewelddadig aan

Siener sien ‘n verskriklike ding wat in Johannesburg begin en uitkring. Swartes gaan op ‘n gegewe tyd blankes voor die voet aanval en wreed vermoor. Hy noem hierdie bloedbad die *Nag van die Langmesse*. Dit was aanvanklik vir 1995 beplan, maar tot later uitgestel nadat die geweldenaars se planne uitgelek het. Neem daarvan kennis dat dit uitgestel en nie afgestel is nie.

Swartes wag op vir ‘n spesifieke teken waarna hulle nie net in Johannesburg nie, maar oral in Suid-Afrika blankes om die lewe gaan bring. Johannesburg is egter hul hoofteiken omdat dit die grootste blanke bevolkingsegment huisves.

Siener sien in ‘n gesig wat hierdie teken is. Hy sien ‘n swarte wat lank in die tronk was, vrygelaat en wêreldberoemd word. Dan sterf hy en word in ‘n glaskis geplaas waar hy vir sewe dae in staatsie lê. Tydens sy begrafnis slaan daar vuurvonke rondom sy graf uit wat dwarsoor Suid-Afrika rol. ‘n Groot vuurbal rol egter vooruit na Johannesburg waarna ‘n emmer bloed omval. (Ek het uit ‘n baie betroubare bron verneem dat daar in Johannesburg alleen van meer as 50,000 swart taxi’s gebruik gemaak word om alle ontsnappingsroetes af te sny!)

Ons hoef nie te raai wie hierdie beroemde swarte is nie! En die teken waarop daar gewag word om die blankes aan te val? Sy begrafnis. Benewens ‘n groot slagting sien Siener iets wonderliks gebeur; iets wat my aan die slag by Bloedrivier laat dink. Gelowige volksgenote gaan weer laer trek. Soos wat niemand destyds binne die laer by Bloedrivier gesterf het nie, sal ook niemand binne hierdie laer omkom nie.

Waar gaan hierdie laer wees? Hoe gaan dit lyk? Dit kan uiteraard nie ‘n laer soos by Bloedrivier wees nie. Siener sê iets uiters belangrik in verband met hierdie laer. Elkeen wat Jesus Christus liefhet en aan Hom behoort, is binne hierdie laer, ongeag waar hy woon. Hierdie laer is met ander woorde ‘n *geestelike* laer.

Nodeloos om te sê, is blankes buite hierdie laer weerloos Mense wat Christus nie betyds as Verlosser aangeneem het nie asook volksvyandige instansies ondersteun, is weerlose teikens en sal in die grootste denkbare lewensgevaar verkeer!

In hierdie gesig hoor Siener geweerskote, honde blaf en mense wat gil. Hy sien swart massas aangehardloop kom en blankes voor die voet doodmaak. Wanneer hulle egter by die hekke van diegene binne die laer kom, slaan die Here hulle met blindheid om dit nie raak te sien nie. Daarna hardloop hulle na die huise van diegene buite die laer en vermoor hulle. God verhoed dat die geweldenaars diegene binne die laer geweld aandoen.
Dit laat my onwillekeurig aan Israel se verlossing uit Egipte dink. Soos wat die bloed van ‘n lam aan die deurkosyne die Israeliete se lewens van die dood gespaar het, sal die onsigbare bloed van die Lam van God aan die hekke van diegene binne die laer ook hulle lewens spaar.

Siener sien voorts ‘n groot skeiding in volksgelede ontstaan. Diegene binne die laer staan eenkant en stort trane van dankbaarheid omdat hulle nie in die skoene van die onverskilliges staan nie. Daarom is dit nou die tyd om misleide volksgenote dringend op te roep om uit alle rasvermengde (volksvyandige) instansies te bedank alvorens dit te laat is, al is dit ook kerke. Die Nag van die Langmesse is voor die deur!

Die geskiedenis gaan verrassend herhaal word. Soos wat ons voorvaders voor die slag van Bloedrivier vir sewe agtereenvolgende dae ‘n gelofte afgelê het, gaan ons ook vir sewe dae ‘n nuwe gelofte aflê. Dis die sewe dae waarin Nelson Mandela in staatsie gaan lê alvorens hy begrawe word. Hierdie verootmoediging red ons volk! .

Siener sien twee verdere dinge tydens die nagaanval gebeur. Eerstens sien hy ‘n baie groot menigte swartes wat onder mekaar praat. Hulle is baie geheimsinnig en beplan iets. Dan kom ‘n swarte na Siener aangeloop en druk ‘n geweerloop teen sy gesig vas. Net voordat hy die skoot kan aftrek, klap ‘n hand van bo die geweer van hom af weg waarna dit in ‘n heel ander rigting skiet.

Daarna stuur God ‘n gees van verskrikking oor die swart geweldenaars sodat hulle paniekbevange op mekaar begin skiet. Diegene binnekant die laer staan verslae eenkant en kyk hoedat die swartes mekaar uitwis.

Dit laat my dink aan wat met die Mideaniete in die tyd van die rigter Gideon gebeur het. Die Isrealiete het elkeen op sy plek bly staan en kyk hoe die Mideaniete in die panieksituasie mekaar om die lewe bring (Rigters 7). Siener voorspel dat hierdie gebeure ‘n opskudding in die wêreld gaan veroorsaak en dat almal van hierdie wondergebeure gaan praat en openlik erken dat God in die lotgevalle van die Boerevolk ingegryp het.

HOOFSTUK 8

GEROOFDE BOERE-EIENDOMME KOM TERUG

Geroofde Boere-eiendomme word teruggeneem.

Siener sien in ‘n bemoedigende gesig dat geroofde Boere-eiendomme teruggegee word en buitelandse fortuinsoekers die land verlaat. Na die sluipmoord op dr.H.F Verwoerd het die NP die volksvyand gereeld op ekonomiese gebied bevoordeel. Gevolglik het baie van ons minerale rykdom in die hande van vreemdes beland.

Ondernemings soos Sasol en Yskor behoort vandag aan volksvreemdes terwyl ander groot Afrikaanse ondernemings soos Absa, Sanlam, Rembrandt en ander wat met die klein bydraes uit Boeregeledere opgebou is, deur internasionalisering van die Boerevolk vervreem is.

Die skok en besware teen hierdie vervreemding van die Boerebates is deur die voormalige NP as kortsigtig en alarmisties afgemaak omdat laasgenoemde en sy verraderlike stutorganisasies kwansuis geweet het wat vir die Boerevolk die beste is.

Siener sien dat hierdie geroofde en vervreemde bates aan die Boerevolk terugbesorg word. Volksvreemde parasietondernemings sal hul wurggreep op ons land verloor en met groot finansiële verliese na hul land van herkoms terugkeer. Dis hul verdiende loon vir al die onregte wat hulle die Boerevolk aangedoen het!

Deur hul onttrekking van die Suid-Afrikaanse markte, het hierdie internasionale (multinasionale?) finansiële instellings met hulle politieke en ekonomiese boikotte die ANC se sogenaamde *struggle* gesteun en die terroriste-organisasie help wen. Die onnoemlike skade wat dit ons land berokken het, is onverrekenbaar. Die tyd vir afrekening is voor die deur!

Met die teruggawe van Boerebates sal volksvreemdes se monopolistiese wurggreep op ons ekonomie beeïndig word. Daar kan byvoorbeeld geen sprake

van ekonomiese vryheid wees indien ‘n enkele maatskappy soos Anglo American Corporation meer as die helfte van die Suid-Afrikaanse maatskappye met beursnoterings beheer nie.

Dr.Ludwig Erhard, ‘n voormalige Duitse minister van ekonomiese sake, wat as die vader van die Wes-Duitse ekonomiese wonder na die Tweede Wêreldoorlog beskou word, het gesê dat ‘n wet teen monopolievorming ‘n onontbeerlike vereiste vir ’n gesonde ekonomie is. In die nuwe bedeling wat op hande is, sal ons nie toelaat dat enkele persone of maatskappye so groot en magtig word dat dit ons lande se ekonomiese vryheid aan bande kan lê nie.

Dis nie net buitelandse parasietondernemings wat ons land verlaat nie, maar ook die volksvyand. Siener sien ‘n beduidende deel van ons volksgenote naby Prieska woon. Dit laat die vraag ontstaan of ons volksgenote in die nabye toekoms in die rigting van ‘n veiliger Noordwes-Kaapland gaan uitwyk? ‘n Beduidende groep het hulle alreeds by Orania en in die nabye omgewing van Prieska gevestig.

Siener sien hoedat groot getalle mense uit Wes-Transvaal, Suid-Vrystaat en Oos-Kaapland by die Oranjerivier bymekaarkom om wapens van die Duitsers te ontvang Daarna begin die gewapende vryheidstryd. Siener sien dat die eerste skermutseling by Kimberley plaasvind. Die volksvyand gaan hulle by Kimberley probeer ingrawe ten einde die oprukkende Boeremagte te stuit. Hulle blaas egter gou die aftog waarna hulle in die rigting van Vereeniging vlug.

Vanaf Vereeniging vlug die vyand reg oos na Durban om van daar na die buiteland te vertrek. Soos Duitsland skepe gestuur het om die Boerevolk te help, sal die volksvyand ook buitelandse hulp verkry wanneer skepe gestuur word om hulle te kom haal. Wanneer hulle Durbanhawe verlaat, sien Siener dat hulle nog vir oulaas op die vryheidsmagte skiet. Daarna verlaat hulle die land om die Boerevolk nooit weer in sy geskiedenis lastig te val nie.

HOOFSTUK 9

POLITIEKE HERVORMING

Daar kom groot politieke hervormings

Siener sien dat daar ingrypende politieke hervormings en dissiplinering na die vrywording van die Boerevolk plaasvind. Dis noodsaaklik omdat die ANC regering mense geleer het om ongedissiplineerd te leef. Watter hervormings kan ons verwag? Daar sal eerstens van alle reste van die ANC regering ontslae geraak word omdat dit ‘n woesterny van ons land gemaak het.

Na ons vrywording sal ons die ware redes vir hul mislukking wêreldkundig maak en eis dat die werklikheid van die swart ras se onvermoë om sinvol te kan regeer, erken word. Oral waar derdewêreldmense oor eerstewêreldmense probeer regeer het, het hulle klaaglik misluk omdat hulle nie daarvoor bevoeg is nie.

Swartes weet nie eens hoe ‘n moderne ekonomie werk nie. Hulle kan byvoorbeeld nie binne ‘n begroting leef nie en oorskrei dit klokslag met rampspoedige ekonomiese gevolge. Hul kenmerkende sosialistiese benadering van die ekonomie spel vir enige vooruitstrewende land die dood en ‘n onbesonne beleidsrigting soos *regstellende aksie* en *swart bemagtiging* verhaas net die doodstyding.

Onbevoegde swart politici se onverantwoordelike besluite het nie net van Suid-Afrika ‘n karikatuur in die oë van die wêreld gemaak nie, maar ook die nuutste toevoeging op die wêreldlys van ongeloofwaardige lande gemaak. Die ANC se verstommende, onbe-kookte optrede gaan gelukkig nie ongesiens verby nie. Buitelandse hoogwaardig-heidsbekleërs bly nie almal stil nie!

Die ANC se wanbestuur en wanadministrasie laat Suid-Afrika nie veel van ander Afrikastate verskil nie. Ongelukkig soek die ANC die oorsaak van sy mislukking nooit op die regte plek nie, maar altyd elders. Dis verstommend om te sien hoedat hul patetiese argumente die ware toedrag van sake behoorlik omdop!

Misdadigers word dikwels as die produk van ‘n baie siek gemeenskap beskou met laasgenoemde as die eintlike skuldige. Dis net so goed as om te sê dat die verbode vrug in die tuin van Eden die oorsaak van die sondeval was en nie Adam, Eva of selfs die slang nie! Dis natuurlik ‘n suiwer Marxistiese siening. Marx het geleer dat die sonde nie in die mens as sulks setel nie, maar eerder in bose gemeenskapsstrukture.

Hierdie siening pas swartes soos ‘n handskoen. Wie met die Afrikamens se stereo-tipe denkpatroon vertroud is, weet dat hy nooit verantwoordelikheid aanvaar vir dinge wat skeef loop nie. Dis altyd iemand anders se skuld. Daarom is dit fataal om swartes in poste met ‘n groot verantwoordelikheid aan te stel. Iemand anders gaan die skuld vir al hulle foute kry!

Swartes se knaende refrein dat alles wat in Suid-Afrika verkeerd loop die nalatenskap van apartheid is, is ‘n sprekende voorbeeld hiervan. Die ANC se vergeldingsveldtog teen die Boerevolk is slegs ‘n manier om die wêreld se aandag van hul onbevoegd-heid as regeerders af te trek.

Op die lange duur is dit fataal om jou foute altyd by iemand ander te soek. Dit maak jou swakker as wat jy regtig is. Daarbenewens hou elkeen wat sy eie aanspreeklik-heid wil ontduik deur die blaam vir sy flaters op iemand anders af te skuif, hom met drogdenke op. Ontvlugtingsdenke los nie probleme op nie, maar vererger dit eerder!

Swart leiers beskou dit as ‘n gruwelike belediging indien jy hulle op hul foute wys. Jy word aangekyk soos ‘n bord kos wat nie bestel is nie! Hulle voel nie soseer beledig oor die flater nie, maar eerder oor die ontmaskering van hul onbevoegdheid.

Swartes sien geensins die verband tussen vryheid en verantwoordelikheid in nie. Vryheid is skynbaar ‘n lui-lekker bestel waarin daar weinig gewerk hoef te word omdat alles wat nodig is soos manna uit die hemel sal val. Gevolglik is ‘n verantwoordelik-heidsin totaal oorbodig.

Siener sien dat die aanslae teen die Boerevolk einde kry en sy geskiedenis gesuiwer word. Die geskiedenis wat die ANC tans aan ons opdis, is onaanvaarbaar. Dit minag die Boerevolk se geskiedenis blatant behalwe waar hulle as skurke, grondgrypers en uitbuiters voorgestel kan word.

Die suiwering van ons volksgeskiedenis is derhalwe van uiterste belang. Geskiede-nis is immers die teleskoop waarmee ons die verlede betrag ten einde die hede suiwer in fokus te bring. Die ANC het met die lense van hierdie teleskoop gaan peuter en die Boerevolk se trotse verlede in drogbeelde omskep.

Die gewese Nasionale Party (NP) staan as die hoofoorsaak vir die totstandkoming van ‘n heidenbedeling aan die suidpunt van Afrika aangeteken. ‘n Regering wat van beter behoort te geweet het, het egter alles in werking gestel om rasse aan mekaar op te dring. Die NP se ideaal van ‘n potjekosbevolking het uit die staanspoor politieke sooibrand by behoudendes veroorsaak.

Die NP se sogenaamde *hervormingsbeleid* was ‘n fatale verbeeldingsvlug en hul onnasionale optrede teen die Boerevolk skreeu vandag nog ten hemel. Hulle oproep tot verandering sonder ‘n duidelike omskrywing van wat met die verandering beoog was, was bedrieglik en ‘n slenter om mense van dit wat hul eie was, te vervreem.

Met ongelooflike eerloosheid en veragtelike ruggraatloosheid het die NP se omstrede onderhandelingspan doelbewus die bewind aan mense oorhandig wat geen geheim van hul vyandige en wraagsugtige planne teen die Boerevolk gemaak het nie. Dit was niks anders as ‘n paniekerige toevlug tot ‘n onaanvaarbare uitvlug nie.

Die NP het sy kiesers met geslepe voetwerk en meesterlike dubbelsinnigheid tot ‘n aanvaarding van slawerny in hul eie land gelei en talle Afrikaanssprekendes buite die dampkring van die Boerevolk geplaas. Die drogbeelde wat hulle van regses geskep het, was deel van hulle misleidingsplan. In plaas van vryheid, het hulle ons aan ‘n bestel uitgelewer wat aan al die eise vir ‘n kommunistiese tirannie beantwoord het. Blindlojale meelopers het, soos die kinders vir die rottevanger van Hamelin, die NP slaafs oor die afgrond gevolg.

Afrika se swak rekord van wanadministrasie, korrupsie, nepotisme,en ongekende wreedheid moes vir mense in die 1992-referendum alreeds die rooi ligte laat flikker het. Desnieteenstaande het die NP sy kiesers op ‘n dwaalweg van selfvernietiging geplaas en hulle laat glo dat die groenligte van voorspoed en internasionale aan-vaarding na ‘n “ja”-stemoorwinning sou brand. Net die teenoorgestelde het gebeur. In 1993 was daar alreeds 1,25 miljoen armblankes in Suid-Afrika, meer as tydens die groot depressie van die 1930’s. Swig en skik was nog nêrens ‘n wenplan nie!

Tydens die finale oorhandiging van die pot lensiesop aan die volksvyand, was die destydse NP-leier, mnr.F.W de Klerk die hoofkok in die kombuis; ‘n man wat ‘n ongeëwenaarde kronkelpad oor ons geskiedenis geloop het. NP-politici het Suid-Afrika weggegee toe hulle met ‘n ongekende, lafhartige vertoon die oorlog om die onderhandelingstafel verloor het; ‘n oorlog wat hulle maklik kon gewen het.

Na die ondertekening van die Boerevolk se doodsvonnis, het baie van die NP-politici vir ‘n tyd lank op die golf van wêreldgewildheid gery. Hulle ego’s is gestreel totdat hulle soos katte op die skoot van die volksvyand gespin het. Dit was egter van korte duur. In Afrika is daar maar min plek vir dankbaarheid. Swartes vertrou instinktief niemand wat sy eie mense verraai nie. Dit word as ‘n swakheid beskou. Geen wonder dat Nelson Mandela na mnr.F.W de Klerk as ‘n “lam eend” verwys het nie!

Mnr.F.W de Klerk moet sy kortstondige roem van ‘n halwe Nobelprys maar teen sy daad van oorgawe verreken. Niks is so roemloos soos roem wat wederregtelik bekom is nie. Van die eens trotse NP het daar vandag niks oorgebly nie. Dis eers tot ‘n patetiese kefferpartytjie afgeskaal en toe sy verdiende loon ontvang toe dit in algehele onbeduidenheid verval en ontbind het.

HOOFSTUK 10

KERKHERVORMING

Daar vind 'n groot kerkhervorming plaas.

Siener sien 'n kerkhervorming saam met dié van die politiek plaasvind. Dit gaan net so ingrypend soos tydens die bondsvolk se terugkeer uit die Babiloniese ballingskap wees. Talle vooraanstaande kerke het 'n Judasrol in 'n kwesbare tyd gespeel, hul rug op die Boerevolk gedraai en klakkeloos agter die volksvyand aangeloop.

Hierdie kerke het geen profetiese visie openbaar toe hulle hul na hartelus uit die wasgoedmandjie van die liberalisme geklee het nie. Hulle wat veronderstel was om wagte op die volksmure te wees, het geen oog verroer om die oprukkende heiden-magte te keer nie en selfs die stadspoort vir hulle oopgemaak. Daarna het hulle van ons volksgenote verwag om in 'n beswyming van berou oor die sogenaamde *onreg van apartheid* te gaan.

Talle Engelssprekende geestelikes het die Boerevolk met 'n passie gehaat en op meesterlike wyse daarin geslaag om die verstand van die algemene kerklike publiek te tiranniseer. Daarna het hulle hul kerke gemobiliseer om politieke solidariteit met die sogenaamde onderdruktes te betoon.

In Mei 1987 het Oliver Tambo, destydse leier van die ANC, voor die Wêreldraad van Kerke gesê dat swartes aan sekere kerkdeure in Suid-Afrika gaan bly klop totdat hulle hul volle steun in die stryd teen apartheid verkry het. Te oordeel aan die verloop van sake, het die volksvyand nie baie lank geklop nie. Talle kerkdeure is oopgemaak en steun is selfs uit oorde ontvang waaruit daar aanvanklik geen steun verwag is nie.

Terroriste het die Christelike geloof dikwels as 'n rewolusionêre wapen gebruik. Die ANC het byvoorbeeld selle binne toonaangewende kerke in Suid-Afrika gestig en vir hul bose doelwitte gemanipuleer. Die St. George's katedraal in Kaapstad is dikwels in 'n ANC-basis omskep en as afspringplek vir vyandelike optrede misbruik.

Swart priesters en biskoppe was gereeld aan die roer van rewolusionêre optredes. Christenskap was vir hulle niks anders as ‘n leë woord waarmee hulle hul bose oogmerke verbloem het nie. Biskop Tutu het hom gereeld aan ‘n oneerbiedige omgang met die Christelike leer en geloof skuldig gemaak. Sy kerkdienste was dikwels deurspek van verdagmakery en opruiery teen die Boerevolk. Daarbenewens was hy dikwels voor aan die spits van vredesoptogte, terwyl ‘n jillende swart massa agterna gedans, winkels geplunder en onskuldige toeskouers beledig en beseer het.

Die hartseerste van alles is Afrikaanse kerke wat die geeste nie kon onderskei nie en hul profetiese visie verloor het. Dit het later voorgekom asof hulle net so verbete soos die vyand teen die Boerevolk geveg het! Van al die Afrikaanse kerke het die NG-kerk die gewilligste by anti-apartheidspolitiek betrokke geraak en gevolglik stelling in die linie van die volksvyand ingeneem.

Van al die slae wat ‘n mens kan tref, is kerklike tirannie myns insiens die ergste. Toe die chaos in Suid-Afrika losbars, het ontspoorde kerkleiers nie eers besin nie, maar onmiddellik volksgenote in medeskuldigheid om hulle probeer verenig. Daar is selfs bedenklike skuldbelydenisse van hulle geeïs. Die eenwêreldsameswering met die antichristelike magte daaragter is heelhartig omhels!

Volksgenote het bont gestaan om wal te gooi teen kerklui wat met valse argumente van kollektiewe aanspreeklikheid soos mistige weer op hulle toegesak het. Dit was verraderlik van kerklui om by volksgenote ‘n skuldgevoel te probeer opwek vir dit waaraan hulle geen deel gehad het of oor geraadpleeg is nie.

Ontspoorde kerke het oor hulle voete geval om voor antichristelike magte te bely dat hulle nie genoeg gedoen het om apartheid af te breek nie. Die integrasiebeleid met sy stygende misdaad en geweld was skynbaar ‘n meer aanvaarbare staatsmodel, ongeag of dit die Boerevolk van sy eertydse Christelike grondwet ontneem het!

Rasse-integrasie is niks anders as ‘n aanslag uit die bose op die handhawing van ‘n eie volksidentiteit nie. Lidmate wat aan kerke behoort wat apartheid verdoem, moet dit onverwyld en sonder enige gewetensverwyt verlaat. Voortgesette lidmaatskap kom op ‘n kondonering van hulle doen en late neer!

Met hul oorlogsverklaring teen apartheid, het hierdie kerke hul per implikasie met ‘n beleid vereenselwig wat van Suid-Afrika die gevaarlikste land ter wêreld gemaak het. Die integrasiebeleid is heidens! Die huidige grondwet met sy aborsiewetgewing en wêreldlike onderwyswette lewer genoeg bewys dat die ANC en sy bose trawante die plaaslike Christendom wil uitwis.

Kerke wat die ANC se integrasiebeleid steun, gaan heelwaarskynlik hul bestaansreg in die komende bedeling verloor. Wat ‘n wonderlike dag sal dit nie wees as ons kerke gesuiwer en van alle sosio-politieke rommel ontslae is nie!

HOOFSTUK 11

DIE REPUBLIEK WORD GROTER

Zimbabwe en Zambië word deel van die Republiek sodra Duitsland vir Namibië in besit neem.

Siener sien dat Zimbabwe en Zambië as onafhanklike lande ophou bestaan en deel van ons nuwe republiek word. Kritici was aanvanklik baie skepties teenoor hierdie gesig omdat beide die lande na onafhanklikheidwording betreklik rustig en ekonomies vooruittrewend was. Dit was net nie logies dat hulle ten gronde kon gaan nie.

Vandag verstaan ons hierdie gesig maar al te goed. Dit wat tans in Zimbabwe gebeur, het in 1917 ook in Rusland gebeur. Tydens die destydse rewolusie het opstandelinge en plaaswerkers talle ryk plase aangeval en die eienaars vermoor. Daarna het die nuwe weermag hulle van die besette plase af verdryf en dit in besit geneem waarna voedsel ‘n magtige wapen in die hand van die nuwe heersers geword het. Ondersteuners het voedsel gekry terwyl opponente van honger moes omkom.

Ons besef nie watter magtige wapen voedsel in die hand van ‘n diktator is nie! Dis ‘n middel tot ‘n doel. ‘n Diktator kan dit van sy teenstanders weerhou ten einde hulle te verhonger. En dan noem hulle dit demokrasie!

Zimbabwe is ‘n tipiese voorbeeld van Afrika magsmisbruik en ondankbaarheid. Robert Mugabe het sonder omhaal van woord na die blanke boere as die *vyand* verwys en gesê dat hulle verdien om doodgeskiet en hul karkasse vir die honde en aasvoëls gegooi te word. Byt nou die bors wat jou voed!

Alles het in Zimbabwe platgeval. Waar dit eers ‘n uitvoerland was, word voedsel nou ingevoer. Sy geldstelsel word nêrens ter wêreld aanvaar nie en is niks werd nie. Een Zimdollar is minder as een Suid-Afrikaanse sent werd! In ‘n opname wat in 2004 gemaak is, was Tokyo die duurste stad ter wêreld met Harare die vierde duurste. In 1997 was dit die 126ste duurste. Geen wonder dat

Zimbabwe met ‘n inflasiekoers van meer as 500% sit nie – die hoogste in die wêreld!

Dinge kan nie meer lank so aangaan nie. Die magswurggreep waarin dit tans verkeer, gaan hom aan die einde van die dag sy onafhanklikheid kos. Gaan Zambië dieselfde paadjie loop? Gaan die onderskeie swart leiers op ‘n stadium ruiterlik erken dat hulle die leisels nie langer kan hou nie en abdikeer?

HOOFSTUK 12

DIE ENIGSTE CHRISTELIKE LAND

Europese Christene stroom na Suid-Afrika

Siener sien dat Europa ‘n eenheidstaat met ‘n enkele geldeenheid word waarby Engeland inskakel. Dit gaan egter baie kunsmatig wees en gou uitmekaar val wanneer Europa in ‘n geweldige ekonomiese depressie beland. Dit gaan Engeland finansieel bankrot maak.

Amerika gaan probeer help, maar moed opgee wanneer ‘n massa verhongerdes uit Afrika op Europa toesak. Hierdie toestroming gaan tot ‘n ernstige hongersnood lei wat die Duitse ekonomie ernstig gaan skaad. Swartes is lief om op ander mense se welvaart te teer, dit leeg te suig en na die volgende prooi te vertrek.

Siener sien dat die knou wat hierdie swart verswelging Europa gaan berokken, die wêreld se vernaamste geldmarkte in duie sal laat stort. Die meeste groot Europese finansiële instellings sal bankrot wees.

Europa sit alreeds met ‘n groot indringer-immigranteprobleem. Dit word bereken dat meer as 80 % van hierdie immigrante uit Afrika afkomstig is. In baie gevalle begaan hulle misdaad ten einde in ‘n tronk te beland waar hulle ten minste ‘n dak oor hul kop en kos kry om te eet. Omstandighede in Europese tronke is in elk geval baie beter as dit waaraan hulle in hul lande van herkoms gewoond is!

Siener sien dat die situasie vir die Europese Christene so onuithoudbaar gaan word, dat hulle na Suid-Afrika gaan uitwyk. Op daardie stadium sal ons land nie net baie veilig wees nie, maar ook die enigste Christelike een ter wêreld. Waar Suid-Afrika eers ‘n troostelose, gevaarlike land was, gaan die Here ons lot omkeer sodat buitelandse gelowiges by ons sal kom woon en ons met deeglik geskoolde mense geseën word.

God sal nie toelaat dat die Boerevolk in die vloed van swart Afrikanisme verdrink nie. Na ons vryheidstryd sal ons deur God se genade veilig op droë grond staan en vanuit ‘n stewige vastrapplek ‘n reddingstou na die andersvolkige drenkelinge gooi. God beskik dat die Boerevolk die Europese gelowiges se lewensredders word.

SLOTWOORD

Die verval in ons land laat talle volksgenote moed verloor. Baie glo dat die glybaan van vermorsing en korrupsie te glad vir enige moontlike omdraaikans is. Siener se gesigte laat ‘n mens egter moed skep. Daar gaan binnekort ‘n ingrypende ommekeer in ons huidige ellendevaart kom, wanneer die Here vir die Boerevolk gaan wys dat Hy nie die werke van Sy hande aan die suidpunt van Afrika laat vaar het nie.

God beskik vir ons ‘n nuwe bedeling waarin ons vir die eerste keer in ons geskiedenis werklik vry gaan wees. Strenggesproke was ons nog net deels vry, ‘n vryheid wat destyds slegs tot die ou Boererepublieke beperk was. Die grondgebied van ons nuwe *perfekte republiek uit die hand van God* gaan die hele Suid-Afrika asook twee van ons huidige buurstate insluit!

Daarom moet ons mekaar in die huidige ontwrigting bystaan en bemoedig. Volksgenote wat pessimisties geword het, moet tot ander insigte gebring word en mense wat plesier daaruit put om ander oor die toekoms bang te praat, moet ernstig berispe word. Die Boerevolk het ‘n toekoms. God gaan daarvoor sorg!